**Vrydag 29 September**
**Skrifgedeelte: Hooglied 4:1-7**
**Fokusgedeelte: Hooglied 4:7**
**Intimiteit: heilig en veilig**

God is ’n God van intimiteit. Voor die val is Adam en Eva kaal, maar sonder skaamte. God self gee die opdrag – wees vrugbaar ... (Gen. 1:28).

Die Bybel leer selfs dat ons intimiteit binne die huwelik nie afgeskeep moet word nie (1 Kor. 7:5). Oordrewe preutsheid is dus nie ’n gesonde konsep nie. Hooglied is tog ’n hele boek in die Bybel wat gewy is daaraan om gesonde seksualiteit te vier. Met groot krag kom groot verantwoordelikheid ...

God is daarom ook ’n God van grense. ’n Mens maak vuur in ’n kaggel. As jy vuur maak in jou studeerkamer, kan jou huis afbrand. So gaan dit ook met intimiteit. Dit hoort in ’n veilige ruimte. ’n Ruimte met gesonde grense. God se grens vir volle intimiteit (seks) is die huwelik. En om binne God se grense te beweeg, beskerm ons.

In ’n samelewing wat seksualiteit goedkoop maak, het ons ’n roeping om vas te hou aan die waarheid wat vry maak. Passie is nie verkeerd nie. Egbreuk is. Die geheim is om gehoorsaam te wees, getrou te wees, opreg te wees, eerlik te wees. Oordrewe preutsheid onderdruk passie. Losbandigheid verafgod passie. Maar ware liefde gee uitdrukking aan intimiteit op ’n heilige en veilige manier.

*Sing: Psalm 128-1:1-4*

*Ds. WM van der Waal (Willem) (Linden)*